DISSIPELSKAP. LES 8

1	GEBED

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir ’n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* MATTEUS 25:14 – 28:20

Maak beurte en ***deel kortliks*** (***of lees*** van) jou notas (aantekeninge) wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Matteus 25:24 – 28:20). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) *[VERSEKERINGS]* (4) VERSEKERING VAN VERGIFNIS. 1 JOHANNES 1:9

A. MOTIVERING (vir memorisering)

Lees Matteus 22:23-33, 41-46.
Ontdek en bespreek. Hoekom is dit belangrik om Bybelverse (of Bybelgedeeltes) te memoriseer?
Notas. Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om valse leer bloot te lê en te weerlê. .

B. MEDITASIE (van ‘n Bybelgedeelte)

(4)

Versekering van vergifnis 1 Johannes 1:9
As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 1 Johannes 1:9

1 Johannes 1:9

1. My verantwoordelikheid is om my sonde te bely.

Om sonde te bely beteken “om dieselfde te sê” as God, “om saam te stem” met God, wanneer Hy vir ons ons sondes uitwys. Dis om saam te stem met wat die Bybel oor dié sonde sê. Dis om vir God van die verkeerde dinge wat ons gedoen het te vertel. Dis ook om vir God van die regte dinge wat ons versuim (nagelaat) het te vertel (erken).

2. God se verantwoordelikheid is om te vergewe en te reinig.

(1) As God ons sondes vergewe, verwyder Hy die skuld en die skande van ons sondes van ons.
Jesus het gesterf as ’n soenoffer vir sondes. Dit beteken, Hy het God se regverdige toorn oor ons vanweë ons sondes weggeneem (Romeine 3:25; Psalm 32:5). Ons is nie langer skuldig in sy oë nie en ons hoef nie langer skaam te wees oor ons sondige lewe van die verlede nie. God sal nooit weer aan ons sondes dink nie (Miga 7:18-19; Hebreërs 8:12) en Hy sal ons nooit vir ons belyde sondes van die verlede veroordeel nie (Johannes 5:24). Hy gee aan ons ’n totaal nuwe status (posisie) van volkome en volmaakte geregtigheid en heiligheid in God se oë. En Hy verwelkom ons in sy familie (Lukas 15:20-24).

(2) As God ons sondes vergewe, verwyder Hy ook die gevolge van ons sondes van ons.
Dit beteken dat Hy ons reinig. Hy maak ons gewete skoon (Hebreërs 9:14) en vernuwe ons denke en dade. Hy gee ons ’n regverdige en heilige lewenstyl deur die Heilige Gees wat in ons liggaam woon.

(3) As God ons sondes vergewe, verwyder Hy die krag en heerskappy van die sonde oor ons.
Hy bevry ons van ons slawerny aan sondige gewoontes, sodat ons ons liggame nou kan gee as instrumente van geregtigheid wat tot heiligheid lei (Romeine 6:6, 13, 19).

3. God is getrou en regverdig.

God is regverdig en heilig en daarom **kan** Hy versoening vir sondes doen en **kan** Hy gevolglik alle sondes vergewe.
God is getrou en daarom **het** Hy versoening vir sondes gedoen en **het** Hy gevolglik al ons sondes vergewe!
Elke keer as jy sonde gedoen het, bely dit onmiddellik aan God en Hy sal jou vergewe en jou reinig.

C. MEMORISERING EN HERSIENING

1. Skryf die Bybelvers op ’n skoon kaartjie of op ’n bladsy van jou klein notaboek.
2. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier. (4) Versekering van vergifnis: 1 Johannes 1:9.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twees en gaan mekaar se memorisering van die laaste Bybelvers na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) *[LEWENSVRAE]* HOEKOM IS EK HIER? EFESIËRS 4:17 – 5:17

Maak gebruik van die vyf stappe Bybelstudiemetode om Efesiërs 4:17 - 5:17 saam te bestudeer.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. KOM ONS LEES Efesiërs 4:17 - 5:17 saam.
Lees elkeen een vers totdat die hele gedeelte klaar gelees is.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?
Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?
Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.
Deel. (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen ’n kans om met die ander te deel.
(Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)

Ontdekking 1. Dit is belangrik om God se wil te ken.

Efesiërs 4:30 sê, “Moenie die Heilige Gees van God bedroef nie.” Efesiërs 5:10 sê, “Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is.” En Efesiërs 5:17 (AOV) sê, “…verstaan wat die wil van die Here is.” Die feit is dat die Here baie belangstel in *hoe ek elke dag leef*. Die manier waarop ek elke dag leef kan Hom grief en ontevrede maak.
As ek leuens vertel, nie my woede beheer nie, steel, baklei of skinder, dan is die Gees van die Here baie hartseer. Die Here is dan nie tevrede met hoe ek leef nie.

Maar die teenoorgestelde hiervan is dan ook waar. Wanneer ek die waarheid praat, my humeur beteuel, werk en deel met ander, mense vergewe en hulle opbou, dan is die Gees van die Here bly met hoe ek lewe. Dis waarom die Bybel sê, “..verstaan wat die wil van die Here is.” Hoe beter ek die wil van die Here vir my lewe verstaan, hoe beter kan ek ’n lewe lei wat die Here bly maak! Daarom dink ek die antwoord op die vraag, “Hoekom is ek hier?” is: “Ek is hier (op die aarde en op hierdie plek) om God se wil te ken en daarvolgens te lewe.”

Ontdekking 2. Dit is belangrik hoe ek leef (hoe ek my gedra).

Die brief aan die Efesiërs gebruik in die oorspronklike taal verskeie kere die woord ‘wandel’(AOV) in die sin van ‘gedra’ of om ons daaglikse lewe te leef.

- Efesiërs 2:2 sê dat voordat ons Christene geword het, was ons geestelik dood, omdat ons in die sonde geleef (gewandel) het op die manier van die goddelose wêreld en in gehoorsaamheid aan die satan.
- Efesiërs 2:10 sê nadat ons Christene geword het, moet ons nou lewe (wandel) in goeie werke, wat God vooraf voorberei het dat ons daarin kan leef.
- Efesiërs 4:1 sê, “Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.”
- Efesiërs 4:17 sê, “Moenie langer soos heidene lewe (wandel) nie. Hulle gedagtes lei tot niks.”
- Efesiërs 5:2 sê, “Lewe (wandel) in liefde, soos Christus ons ook liefgehad .. het,.”
- Efesiërs 5:8 sê, “Leef (wandel) dan as mense van die lig.”
- En Efesiërs 5:15 sê, “Wees baie versigtig hoe julle lewe (wandel): nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges.”

Die feit is dat God vir my baie duidelik vertel hoe ek nou moet lewe. Hy vertel my letterlik hoe ek moet “wandel” in my daaglikse lewe.

Die antwoord op die vraag, “Hoekom is ek hier?” is: “Ek is hier om die soort lewe te leef wat God my leer om te leef.” God leer my duidelik hoe ek níe moet leef nie en ook baie duidelik hoe ek wel móét leef. Die rede hoekom ek op aarde leef, is om God te behaag (om God tevrede te stel). Paulus, die skrywer, sê in ’n ander brief, “Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God” (1 Korintiërs 10:31). Die mens is deur God geskep op aarde om God te behaag en om God te verheerlik. As mense kies om ’n lewe te lei in ooreenstemming met sy wil, dan is God bly. Maar as mense egter kies om te lewe soos hulleself wil, dan is God bedroef en sal Hy hulle straf deur hulle uit sy koninkryk te sluit.

STAP 3. VRAE. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA? Kom ons probeer al die waarhede in Efesiërs 4:17 – 5:17 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

Bespreek. (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

4:17

Vraag 1. Wat beteken dit dat die gedagtes van die heidene tot niks lei nie?

Aantekeninge. Die 'heidene' is die mense wat nog nie in Jesus Christus glo nie. Die Bybel sê dat al die pogings van die heidene om geluk te kan bekom, sal in teleurstelling eindig. Hulle lewe is een lang reeks van verwagtings wat nooit bevredig of vervul word nie. Hulle jaag daarna, maar hulle bereik dit nie. Hulle blom, maar hulle dra nie vrug nie. Hulle leef sonder dat daar blywende resultate is. Hulle ervaar wat die Prediker in sy lewe ervaar het: "Al die riviere loop in die see in, maar die see word nooit vol nie. ... Die oog kyk, maar kry nie klaar met kyk nie; die oor hoor, maar kry nie klaar met hoor nie. ... Alles waarmee ek my besig gehou het, het my plesier verskaf.. ... Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks nie" (Prediker 1:7-8, 2:10-11). Mense wat God nie het nie, is mense wie se gedagtes niks bevredigend kan oplewer nie!

4:18

Vraag 2. Hoekom sê die Bybel dat duisternis in die gees van heidene heers?

Aantekeninge. By die skepping het al die mense kennis van die Lewende God gehad. As gevolg van die sondeval het mense geleidelik begin om God te vergeet en lewens gelei wat geskei was van die lewe met God en die lig van God. Toe God met die mense gepraat het deur Henog en Noag, het hulle hul harte verhard.

Elke keer as mense aanhou om die kwaad te doen, *gee God hulle oor* aan die kwaad en laat Hy toe dat hulle onder die gevolge van hulle eie sonde ly. Omdat die heidene God nie eer of dank nie, bereik hulle met hulle redenasies niks nie. Omdat hulle die God van die Bybel verruil vir afgodsbeelde, gee God hulle oor aan sedelike onreinheid. Omdat hulle die waarheid van God soos geopenbaar in die Bybel verruil vir leuens, gee God hulle oor aan skandelike drifte. Omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee God hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is (Romeine 1:21-28). Die heidene verhard hulle harte teen God en daarom laat God toe dat hulle verhard raak! *God verhard diegene wat hulle verhard teen Hom*. Deur hulle eie opsetlike handeling het die heidene verhard geraak. Die heidene wou nie aan God dink nie. Daarom het God hulle sig op God verblind. Hulle is selfs blind vir die feit dat hulleself blind is (Johannes 9:40-41)! Mense wat God uit hulle lewe uitsluit, besef nie eers dat hulle sonder God leef nie. Hulle is onkundig omtrent die Lewende God van die Bybel. Hulle leef in duisternis!

4:22-24

Vraag 3. Hoe moet jy die ou mens aflê en jou met die nuwe mens beklee?

Aantekeninge. In die oorspronklike vertaling staan in vers 22: "Wat die vroeër lewenswandel betref, *lê die ou mens af* wat deur misleidende begeertes ten gronde gaan" En vers 24 sê: "*Beklee julle met die nuwe mens*, wat in ooreenstemming met die beeld van God in ware geregtigheid en heiligheid geskep is." Die twee werkwoorde "aflê' en "beklee" dui nie op *'n langdurige proses* nie, maar op *'n eenmalige gebeurtenis* wat plaasvind by die wedergeboorte. Toe ek die eerste keer in Jesus Christus geglo het, het ek *eens en vir altyd* die ou self (ou natuur) afgelê (met die ou sondige mens gebreek) en *eens en vir altyd* die nuwe mens aangetrek (begin met lewe as nuwe mens). My ou self is my onkunde omtrent God en my ou lewensstyl. My nuwe self is my kennis van die wil van God en my besluit om 'n lewe te lei waarmee God bly is. My nuwe self is nou my identiteit: "Ek is in Jesus Christus" en nooit meer alleen nie. "My lewe is saam met Christus verborge in God" (Kolossense 3:3).

Maar hierdie *eens en vir altyd begin* moet lei tot *'n lewenslange proses* van sonde aflê en my met Christus beklee. Ek lê sondes af deur hulle te bely. Daarna beklee ek myself met die karaktereienskappe van Christus. Watter spesifieke sondes moet ek aflê? Die Bybel (bv. Efesiërs 4:17-5:17) sê dat ek spesifiek ontslae moet raak van leuens vertel, kwaad word, steel, baklei, skinder, seksuele immoraliteit, hebsug en van elke ander vorm van kwaad. Watter spesifieke regte dade moet ek aanhou aantrek? Die Bybel sê dat ek spesifiek die volgende moet aantrek: praat die waarheid, beheer my humeur, werk en deel, vriendelikheid, medelye, vergewensgesindheid, liefde, dankbaarheid, kennis van die wil van God en wysheid hoe om te lewe.

4:26

Vraag 4. Wat beteken dit om kwaad te word en nie te sondig nie?

***Aantekeninge*.** Sommige mense dink dit beteken dat Christene nooit mag kwaad word nie. Hulle sê dat alle woede sonde is. Ander mense dink dit beteken dat jy mag kwaad word, want woede is nie sonde nie. Albei hierdie sienings is verkeerd.

Die Bybel sê, "As julle kwaad word, moenie sondig nie." Woede opsigself is nie sonde nie, want woede word ook van God gesê. God se woede is 'n regverdige verontwaardiging teen alle vorme van kwaad. Christene mag ook 'n regverdige verontwaardiging hê oor die kwaad wat mense sê en doen. Dis *regverdige woede*. Regverdige woede is beperk tot die persoon en saak wat ter sprake is en word geuit d.m.v. beheersde en aangename spraak en optrede. God (Romeine 1:18; 2:5-6; Hebreërs 12:6) en Jesus Christus (Matteus 21:12; Johannes 2:15-16) druk hulle regverdige woede uit in tydelike straf of oordeel.

Maar die meeste van die kere wat ons mense kwaad word, beperk ons dit nie tot die persoon en saak wat ter sprake is nie. Ons kan onsself nie beheers nie en uiter dan ons woede met afbrekende kritiek, skelwoorde, beskuldiginge, geskree en dikwels ook met geweld. Meestal as mense kwaad word, sondig hulle. Wanneer woede geuiter word in haat of afkeer teen iemand wat iets verkeerd gedoen het, of met beledigende taal of geweld, dan is daardie woede *sondige woede*. Baie genade van God word vereis om die sondaar lief te hê terwyl jy sy sonde haat.

4:26

Vraag 5. Wat beteken dit om nie "die son te laat ondergaan oor julle toorn nie" (AOV)

***Aantekeninge*.** In die Bybel is die son se 'ondergaan' gewoonlik die aanduiding van die einde van die dag. Baie mense is sommer vir baie jare kwaad vir 'n ander persoon. Hulle kan nie vergewe nie en bly daardeur baie bitter. Hulle hou 'n lang lys van dinge wat mense deur die jare teenoor hulle verkeerd gedoen het. Hulle kritiseer die ander en beskinder hulle. Die Bybel sê dat 'n Christen nooit moet kwaad word vir langer as tot die einde van daardie selfde dag nie! "Moenie 'n dag kwaad afsluit nie." Voordat hy (die Christen) gaan slaap, moet hy eers met die ander persoon versoen raak en daarna die saak nie meer ophaal nie. Die Bybel sê, "Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel" (Jakobus 2:13).

4:27

Vraag 6. Hoe kan ons die duiwel 'n vatkans gee?

***Aantekeninge*.** Die Bybel verbind Efesiërs 4:26 en 27. "En gee aan die duiwel geen plek nie" ("Moenie die duiwel vatkans gee nie"), beteken om hom die geleentheid te gee om in te kom in 'n sekere gebied van jou lewe en dan skade aan te rig. (Neem kennis: die duiwel kan nie in 'n Christen se liggaam intrek neem nie, omdat die Heilige Gees reeds daar sy intrek geneem het)(vgl. Matteüs 12:43-45). As ek kwaad word moet ek in besonder baie versigtig wees dat ek nie vir die duiwel 'n vatkans gee om my woede om te keer in 'n wrok, haat, onvergewensgesindheid of selfs geweld nie. Dis hoekom ek moet leer om gou te vergewe. Dis waarom Efesiërs 4:32 sê dat ek die oortreder moet vergewe net soos wat God my vergewe het deurdat Christus vir my sondes gesterf het.

Efesiërs 6:11 voeg by, "Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel." Die duiwel sal enige plan beraam om my te laat sondig. Hy kan enige woede van my vat en dit omkeer in beledigende taal of geweldadige optrede. Hy kan my hebsug vat en dit omkeer in bedrog of diefstal. Hy kan my vrees vat en my laat leuens vertel. Dis waarom Jakobus 4:7 sê, "Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug."

4:29

Vraag 7. Hoe spreek jy woorde wat help en andere opbou?

***Aantekeninge*.** Die Spreuke-boek in die Bybel leer ons hoe om op so manier te praat dat dit andere sal help. Ek moet *dink voordat* ek 'n antwoord gee. Ek moet my antwoord *op die regte tyd gee*. En ek moet 'n *sagte* antwoord gee (Spreuke 15:1,23,28). Efesiërs 4:15 sê, "ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof." Dus, die twee belangrike beginsels vir praat is 'waarheid' en 'liefde'. Efesiërs 4:29 sê, "Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom." Dus, 'n derde belangrike beginsel vir die praat is 'opbou'.

Opsomming van hierdie drie belangrike beginsels. Voordat ek praat, moet ek myself die volgende belangrike vrae vra:

- "Is dit die waarheid of nie?" As dit nie die waarheid is nie, moet ek stilbly.
- "As dit die waarheid is, sal dit die ander persoon opbou of hom afbreek?" As dit hom nie opbou nie, moet ek stilbly.
- "As dit hom sal opbou, kan ek dit met liefde sê of nie?" As ek dit nie met liefde kan sê nie, moet ek stilbly.

5:7

Vraag 8. Met watter soort mense moet Christene niks mee te doen hê nie?

***Aantekeninge*.** Christene leef in ’n sondige en gebroke wêreld (Johannes 17:11, 16), maar moet nie soos die mense in die wêreld (die nie-Christene) word nie (Johannes 17:11,16). Christene mag nie ’n metgesel word van iemand wat ontug, onsedelikheid in enige vorm of gierigheid bedryf nie (vers 3); of wat growwe, ligsinnige of vuil praatjies het nie (vers 4). Christene moet soos sout en lig tussen die nie-Christene lewe (Matteüs 5:13-16). ‘Sout’ bewaar teen bederf, genees en gee smaak. ‘Lig’ ontmasker wat verkeerd is, openbaar wat reg is, en maak alles mooi en aantreklik. Christene moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar dit eerder aan die kaak stel (vers 11). Christene moet ook nie ’n metgesel word van mense wat hulleself ’n gelowige (of Christen) noem, maar wat onsedelik of geldgierig of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet Christene nie eens saam eet nie (1 Korintiërs 5:9-11)!

Vraag 9. Wat dink jy is die belang van Efesiërs 4:17 - 5:17 vir jou lewe?

***Aantekeninge*.** Efesiërs 4:17 tot 5:17 leer my hoekom ek hier op aarde is. Ek is hier op aarde om die lewe te leef soos wat God bedoel het dat ek moet leef. Die nuwe lewe is ’n lewe in ooreenstemming met die wil van God, ’n lewe wat Hom vreugde gee en ’n lewe wat Hom verheerlik. Die nuwe lewe waartoe God my roep (Efesiërs 4:1) verskil heeltemal van die lewe wat die heidene leef (Efesiërs 4:17; Efesiërs 2:2). Die nuwe lewe is deurentyd besig om die sonde af te lê en om die geregtigheid en heiligheid van Jesus Christus aan te trek. Die nuwe lewe is ’n lewe wat gekenmerk word deur waarheid, geregtigheid, heiligheid (Efesiërs 4:22-24), deur goeie en opbouende woorde te spreek (Efesiërs 4:29), deur in liefde te lewe (Efesiërs 5:2), deur as mense van die lig te lewe (Efesiërs 5:8) en deur as verstandige mense te lewe (Efesiërs 5:15). Efesiërs 4:17 – 5:17 leer my hoe my lewe baie betekenisvol kan wees en dat ek ’n doel in hierdie wêreld het.

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?
Deel en teken aan. Kom ons hou ‘n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Efesiërs 4:17 – 5:17 neer.
Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?
Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.
(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is ‘n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings van Efesiërs 4:17 - 5:17.

4:17-19. Dink na oor die lewenswyse (wandel, optrede) van heidene rondom jou. Begin om anders as hulle te lewe.
4:24. Dink na oor hoe waarheid, geregtigheid en heiligheid groter werklikhede in my lewe kan word.
4:25. Lê alle leuens af. Praat net die waarheid.
4:26. Leer om jou humeur te beteuel. Hou op om kwaad te gaan slaap.
4:27. Moenie die duiwel ’n vatkans gee nie.
4:28. Werk en verdien jou eie inkomste (vgl. 2 Tessalonisense 3:10).
4:28. Deel met mense wat behoeftes het.
4:29. Bou mense op met die woorde wat uit jou mond uitkom.
4:30. Wees sensitief om nie die Heilige Gees te bedroef nie.
4:31. Raak ontslae van elke vorm van boosheid: soos opvlieëndheid, woede, gevloek en geskel.
4:32. Wees gou om die wat teen jou oortree het te vergewe.
5:1. Ken God al beter en volg Hom.
5:2. Leer al meer om soos ’n Christen lief te hê.
5:3-7. Vermy mense wat vuil taal gebruik en dwaashede praat. Vermy die geselsskap van ongehoorsame Christene.
5:8-14. Lê die duisternis in jou eie lewe en die lewens van jou broers bloot.
5:15-17. Leer om wysheid te bekom deur God se wil te doen.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings van Efesiërs 4:17 - 5:17.

Ek wil so lewe dat ek bewus van God se teenwoordigheid bly en dit só doen dat God bly en tevrede met my is. Ek wil spesifiek leer om my humeur beter te beteuel en voor die dag verby is met die een waarmee ek vassit versoen te raak.

Ek wil my lewe ook só lewe dat God daarmee bly en tevrede is. Ek wil spesifiek slegte gewoontes aflê en nuwe (goeie) gewoontes aanleer. Dan wil ek oefen en oefen totdat God hierdie nuwe gewoontes in my lewe ingebou het.

STAP 5. BID. REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Efesiërs 4:17 – 5:17.
(Reageer in jou gebed op wat jy in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net met een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute) *[VOORBIDDING]* BID VIR ANDER MENSE

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat hulle dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om ’n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig leer en bestudeer die Bybelstudie van Efesiërs 4:17 – 5:17 met iemand anders of met ’n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer ’n halwe hoofstuk van Johannes 1:1 – 4:22. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memorisering. Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (4) Versekering van vergifnis: 1 Johannes 1:9. Herhaal elke dag die laaste vier Bybelverse wat jy gememoriseer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.